NOORD Nuus 2018
wellington-noord Geloofsgemeenskap

12 Augustus

koningkrykstyd

Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

	Predikant **Ds. Francois Human**	**Orrelis** **Johann Enslin**
09:30	**Erediens:** 40 Dae - Week 2 - Bid	
	Dienswerkers: Geen (uitnaweek)	
	DEUROFFER: Gemeentebegeleiding- hulle begelei gemeentes in gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die proses word die Communitas Reis in Geloofsonder-skeiding genoem, wat 'n omvattende proses vir die gemeente is. Die taakspan lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes in die verskillende streke en ringe hierin begelei.	
10:45	**Kategese**	

Week 2 : Bid

Almal is welkom om saam met Hom te kuier op Dinsdagaand om 18:30 in die konsistorie, en/of Woensdagoggend om 09:30 agtereenvolgnes vir die volgende 5 weke. 40 Dae afsluiting is Sondag 9 September 2018.

Wees 'n Lig vir die wêreld

Kwartaalprogram

DINSDAG 14 AUGUSTUS 2018
Senior Lidmate winter-ete om 12:00 in die Onthaalsentrum.

SONDAG 19 AUGUSTUS 2018
Kategese Muntlegging & Koffie en Koek

MAANDAG 20 AUGUSTUS 2018 –
Uitvoerende Bestuur vergadering om 19:00 by die pastorie.

SATERDAG 1 SEPTEMBER 2018
Basaar! Basaar! Basaar!

SONDAG EN MAANDAG 2&3 SEPTEMBER 2018
Ringsitting te Wellington-Oos.

SONDAG 9 SEPTEMBER 2018
40 Dae afsluiting asook NAGMAAL.

SATERDAG 15 SEPTEMBER 2018
Graad 0-3 kategese uitstappie.

SONDAG 16 SEPTEMBER 2018
SANGDIENS.

MAANDAG 17 SEPTEMBER 2018
Kerkraadsvergadering om 19:00 in die konsistorie.

VRYDAG 28 SEPTEMBER 2018
Skole sluit.

SATERDAG 20 OKTOBER 2018
Graad 4-10 Uitstappie



Christine Hayes (12) – Piet Louw (12) – Christina Keyser (13) – Johan Koegelenberg (13) – Dawie de Lange (14) – Marianne Malan (14) – Johan Opperman (14) – Gideon Louw (15) – Simoné Maré (15) – Marius Fourie (16) – Vossie Jansen van Vuuren (16) – Jeff Joubert (16)

Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600 tot aan die einde van Desember waarna die koste sal verhoog. Indien u belangstel in die koop van 'n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.

CBMC
CBMC South Africa
Christian Businessmen's Connection
Tel: +27 (0) 21 870 1850

Preek: 29 Julie 2018 – Markus 2-:13-15

40 Dae – Saam met en soos Jesus Kuier

Jesus het hierdie wens (Joh3:16) dat niemand verlore sal gaan nie, maar dat almal deel sal wees van Sy maaltyd. Mense hoor goed, maar dit moet ook gesien kan word in ons lewe. Wat leer ons by Jesus? Hy laat 5000 mense saamkuier rondom 5 brode en 2 vissies. Jesus kuier saam met Sy dissipels rondom die Nagmaalstafel voordat Hy gekruisig is. Daar was 'n paar geleenthede waar Jesus saam gekuier/geëet het.

Mense sal saamkuier – bring en braai. Die groot verskil is dat hoeveel keer het ons 'n bring en braai saam met vreemdes gehou?

Jesus verras ons deur te sê Hy het saam met Sy mense gekuier, maar ook met die wat Hy nie geken het nie, soos bv die sondaars en prostitute. Jesus sê Hy doen dit om sosiale grense oor te steek."Onbekend maak onbemind".

Ons moet ook grense oorsteek in ons denke. Jesus sê aan Sy tafel is daar plek vir almal. Hoe kry ek dit reg om dit te doen?

Jesus sê die pad na jou hart is deur jou maag. Haal die angel uit voordat jy mense opsom. Ons kan êrens 'n verskil maak deurdat ons saam met mekaar kuier.

Kies ons nie soms die maklike uitweg om ons eie mense te onthaal nie. Wanneer laas het jy saam met vreemdelinge gekuier? Jesus nooi ons in in hierdie gesprek sodat dit hopelik 'n lewenswyse word.

Gebedsgids vir Bybelwerk – 12-18 Augustus 2018

Tadjikistan: Bid vir Bybelwerk in hierdie land. Dit is soms baie moeilik om hier te werk. Bid vir fondse en kundigheid sodat die Tadjikse Bybel hersien kan word. Bid ook dat moderne tegnologie ingespan kan word sodat Bybelstories vir kinders toeganklik kan word.

Oesbekistan: Dank die Here vir die eerste Bybel in Oesbekies wat verlede jaar verskyn het. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om genoeg eksemplare in verskillende formate te laat druk sodat ons in die Bybelbehoeftes van Oesbeke kan voorsien.

Oekraïne: Bid vir ons poging om in samewerking met die kerke die bybelse boodskap van hoop en versoening te bring aan mense wat deur die voortdurende konflik in ons land geraak word. Vanjaar is 'n spesiale *Jaar van die Bybel* in die Oekraïne. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om Bybels en Bybelgedeeltes tydens spesiale geleenthede te voorsien.

Die Evangelie van Johannes

Soos opgevoer deur Herman Breytenbach

NGK Wellington-Oos – Donderdag 23 Augustus 2018 om 18:30 vir 19:00 – Toegang is gratis.

Koffie word na die tyd bedien. Kom geniet hierdie besonderse ervaring, aangebied deur CLF.

Gebedsimfonie

Die Gebedsimfonie vergader hierdie maand op 12 Augustus om 3:30 nm by Eerste laan 22, Wellington. Vars gebedsonderwerpe van ons sendelinge sal beskikbaar wees. Almal welkom! Vir meer inligting, bel ds Attie van Wijk 082 557 9796.

Roomysbakke

Versailles en Onverwacht Wyke benodig asb 2 liter roomysbakke vir die basaar.Dit kan asb by Marius of die kerkkantoor afgegee word, of kontak een van die volgende persone: Elize Henn 083 407 2573, Chanine Bauermeister 082 230 6324

Senior Lidmate Middagete

Dinsdag 14 Augustus om 11:30 vir 12:00 in die Onthaalsentrum. Uinodigings daarvoor is reeds gerig – laat weet asb die Kerkkantoor by 021-8732763 indien u oorgeslaan is. Getalle daarvoor is belangrik aangesien ons betaal per persoon wat teenwoordig is, so enigeen kan nie net opdaag sonder om te laat weet dat u teenwoordig sal wees nie.

Wit Olifanttafel

Graag soek ons wit olifante vir die basaar. Onthou iemand se uitskot is weer 'n ander se winskopie!! Dit is nou 'n goeie tyd om bietjie kaste reg te pak en van oortollige items ontslae te raak. Wit olifante kan by die kerkkantoor ingehandig word. Baie Dankie!!



NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 I **Pastorie:** 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019

E-pos adresse:
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**
facebook

GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD: www.wellingtonnoord.co.za of ons **FACEBOOK-BLAD:** **www.facebook.com/wellingtonnoord**